

Saak nr 130/86
MC

S.J. BURGER

Eerste Appellant

J.G. SCHEEPERS

Tweede Appellant

J.V.A. MATTHYSEN

Derde Appellant

D.A. DU RANDT

Vierde Appellant

EN

DIE STAAT

Respondent

VIVIER AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

<u>SCHALK JOHANNES BURGER</u>	Eerste Appellant
<u>JOSEPH GEORGE SCHEEPERS</u>	Tweede Appellant
<u>JOHANNES VALENTINE ADRIAAN MATTHYSEN</u>	Derde Appellant
<u>DANIEL ARNOLDUS DU RANDT</u>	Vierde Appellant

- en -

<u>DIE STAAT</u>	Respondent
------------------	------------

Coram: VILJOEN, GROSSKOPF et VIVIER ARR.

Verhoor: 16 Maart 1987.

Gelewer: 25 MAART 1987.

U I T S P R A A K.

VIVIER AR /.....

VIVIER AR:-

Die vier appellante, na wie ek hierna as
 beskuldigdes 1, 2, 3 en 4 onderskeidelik verwys, het in
 die Westelike Rondgang Plaaslike Afdeling op Klerksdorp
 voor SCHABORT R en twee assessore tereggestaan op drie
 aanklagte: een van roof met verswarende omstandighede,
 een van verkragting en een van moord. Op die aanklagte
 van roof en verkragting is al vier skuldig bevind en op die
 moordaanklag is slegs beskuldigdes 1 en 2 skuldig bevind.
 Geen versagtende omstandighede is t o v die moordaanklag
 bevind nie en beide beskuldigdes 1 en 2 is op hierdie aan=
 klag ter dood veroordeel. Op die roofoanklag is elke
 beskuldigde tot 12 jaar gevangenisstraf gevonniss. Op die
 aanklag van verkragting is beskuldigdes 1 en 2 die dood=

vonniss /

vonnis opgelê en is beskuldigdes 3 en 4 elk tot 16 jaar.
gevangenisstraf gevonniss. Dit is gelas dat 10 jaar van
elk van beskuldigdes 3 en 4 se vonnis op die roofoanklag
saamloop met die vonnis op die aanklag van verkragting.
Met verlof van die Verhoorregter appelleer beskuldigde 1
nou na hierdie Hof teen sy skuldigbevinding en vonnis op
al drie aanklagte. Beskuldigde 2 appelleer teen die
bevinding dat daar by die pleging van die moord geen
versagtende omstandighde was nie en teen die gevolglike
doodvonniss wat hom opgelê is, sowel as teen die doodvonniss
wat hom opgelê is op die aanklag van verkragting.
Beskuldigdes 3 en 4 appelleer slegs teen hul vonnisse op
die roof- en verkragtingaanklagte..

Die aanklagte spruit uit die gebeure van die nag van 1 tot 2 Februarie 1985 op Klerksdorp. Vroeër die aand het beskuldigdes 1 en 2, wat bevriend was, vir beskuldigdes 3 en 4, wat mekaar goed geken het, voor die Tivoli Hotel op die dorp raakgeloop. Beskuldigde 4 het beskuldigde 2 gevra of hy kon saamry huis toe, en daar is toe afgespreek dat beskuldigde 4 eers vir die ander n drankie sou gaan koop by die Constantia Hotel. Van die Tivoli Hotel is al vier in beskuldigde 1 se Colt Galant motor na die Constantia Hotel, waar hulle saam gedrink het. Ongeveer 11 uur die aand het die vier beskuldigdes saam die Constantia Hotel verlaat. Voor die hotel het beskuldigde 2 onverwags n verbygaande motor gestop, in die motor

gespring /

gespring en die bestuurder, ene Johannes Mophuting, gevra om hom huis toe te neem. Mophuting het tot by die polisiestasie gery en stilgehou. Beskuldigde 2 het uitgeklim en weer by die ander, wat hom in beskuldigde 1 se motor gevolg het, ingeklim. Hy het aan hulle gesê dat hy 'n aantal kassette voor in Mophuting se motor gesien het, en hulle het in beskuldigde 1 se motor, bestuur deur homself, agter Mophuting aangejaag tot waar hy by sy huis in Jouberton, 'n woonbuurt vir Swartes naby Klerksdorp, gestop het. Uit vrees vir sy agtervolgers het Mophuting in sy motor bly sit, die deure gesluit en aanhoudend op die toeter gedruk. Beskuldigde 2 en nog een, wat die verhoorhof bevind het waarskynlik beskuldigde 3 was, het na Mophuting se motor gekom en beskuldigde 2 het die ruit

van die linker-voordeur met 'n klip stukkend geslaan en 'n speelgoed-revolver op Mophuting gerig. Gelukkig vir Mophuting het hulp op daardie stadium opgedaag en hy het kans gekry om weg te kom. Die speelgoed-revolver het beskuldigde 4 oorspronklik vir sy kleinboet gekoop en hy het dit gedurende die agtervolging van Mophuting aan beskuldigde 2 oorhandig. Die verhoorhof se bevinding dat die vier beskuldigdes Mophuting agtervolg het in 'n gesamentlike poging om hom te beroof, is nie op appèl aangeveg nie.

Vanaf Mophuting se huis is die vier beskuldigdes in beskuldigde 1 se motor na 'n sjebeen in Jouberton waar hulle sonder sukses probeer het om drank te koop. Hulle het daarvandaan vertrek en net buite Jouberton afgekom

op die klaer in die rooфаanklag, Jacob Wessie en sy vriendin Ginny Goitseone, na wie ek hierna as die oorledene sal verwys, waar hulle voor in Wessie se BMW motor langs die pad gesit het. Die vensters van die BMW was toe en die deure gesluit. Beskuldigde 1 het langs die BMW gestop. Beskuldigde 2 het na die BMW gegaan, met die speelgoed-revolver geklop teen die ruit waar Wessie agter die stuurwiel gesit het, aan Wessie geskree dat dit die polisie is en hom beveel om die deur oop te maak. Toe Wessie gehoorsaam, het beskuldigde 2 die motorsleutels gegryp en gevra om sy rybewys te sien. Terwyl hy na Wessie se bewysboek kyk, het hy verklaar dat die voertuig gesteel is en dat hy Wessie na die polisiestatie gaan neem.

Hy /

Hy het terselfdertyd vir Wessie uit sy voertuig geruk.

Beskuldigde 2 het die oorledene beveel om die agterdeur oop te maak, wat sy gedoen het. Hy het beskuldigde 4, wat intussen nader gekom het, aangesê om links agter die oorledene, wat in die passasiersitplek voor gesit het, in te klim. Op beskuldigde 2 se bevel het Wessie agter langs beskuldigde 4 ingeklim. Beskuldigde 2 het die speelgoed-rewolwer aan beskuldigde 4 oorhandig met die opdrag om Wessie te skiet as hy iets sou probeer doen.

Beskuldigde 2 het agter die stuurwiel ingeklim en die BMW het daarvandaan vertrek, gevolg deur beskuldigdes 1 en 3 in die Colt. Soos die verhoorhof sal ek na hierdie plek as punt A verwys.

Die verhoorhof het bevind dat al vier die

beskuldigdes /

beskuldigdes met die gemeenskaplike opset om Wessie van sy BMW te beroof, by punt A gehandel het, en dat Wessie reeds daar besit van sy voertuig ontnem is. Wat die gebeure by punt A betref, sowel as die verdere gebeure totdat Wessie daarin geslaag het om te ontvlug, het die verhoorhof Wessie se getuienis op alle wesenlike aspekte aanvaar. Dit is nie voor ons namens enige van die beskuldigdes betoog dat die verhoorhof in hierdie opsig fouteer het nie.

Vanaf punt A het beskuldigde 2 die BMW tot by 'n afgeleë plek op 'n grondpad in die Ariston-buurt van Klerksdorp, ongeveer 14,6 km vanaf punt A, bestuur. Soos die verhoorhof sal ek na hierdie plek as punt B verwys. Op pad na punt B het beskuldigde 4 die speelgoed-rewolwer teen /

teen Wessie se nek gehou en met sy ander hand die oorledene se borste betas. Op 'n stadium het beide voertuie by 'n afdraaipad gestop en beskuldigde 2 het aan die insittendes van die Colt gesê dat hulle hom by die polisiestatie moes kry. Beskuldigde 2, gevolg deur die Colt, het egter na punt B i p v die polisiestatie gery. Net voor hulle by punt B aangekom het, het beskuldigde 2 aan beskuldigde 4 gevra "Nou wie gaan met die meisie begin", waarop beskuldigde 4 geantwoord het dat hy eerste sou begin.

Die twee voertuie het langs mekaar by punt B gestop. Beskuldigdes 2 en 4 het onderskeidelik vir Wessie en die oorledene uit die BMW getrek. Beskuldigde 2 het geld geëis van Wessie, wat aan hom R20,00 gegee het.

Beskuldigde 2 was nie hiermee tevrede nie en het Wessie

deursoek en nog R40,00 en sy sigaret-aansteker en polshorlosie van hom afgeneem, terwyl hy hom met die oop hand in die gesig slaan. Intussen het beskuldigdes 1 en 3 reg agter beskuldigde 2 kom staan en het beskuldigde 4 die oorledene die bosse in geneem, vanwaar Wessie haar hoor gil het. Beskuldigde 2 het toe Wessie se lyfband afgehaal, sy arms daarmee agter sy rug vasgebind en hom na 'n draadheining 'n entjie weg van die motors gedwing. Daar het beskuldigde 2 die speelgoed-rewolwer teen sy kop gedruk en hom beveel om nie te beweeg nie. Beskuldigdes 1 en 3 het ook daar gekom, en beskuldigde 2 het hom met die kop gestamp sodat hy op die grond beland het, waarna hy op die kop en bene geskop is. Wessie was seker dat al drie persone wat op daardie stadium by

hom /

hom was, deelgeneem het aan die aanranding op hom. Nie tevrede met die middels tot sy beskikking nie, het beskuldigde 3 'n hamer in die bagasiebak van die BMW gaan haal en Wessie, wat intussen weer opgestaan het, met 'n hou teen die kop neergevel. Volgens die mediese getuienis, het hierdie hou 'n ingedrewe skedelfraktuur veroorsaak. Terwyl hy op die grond gelê het, het beskuldigde 2 Wessie se broek en onderbroek van sy lyf geskeur terwyl beskuldigdes 1 en 3 hom aan sy hemp beetgekry en dié ook afgeskeur het, sodat hy nakend, met slegs sy sokkies en skoene aan, bly lê het.

Vanaf waar hy met die oorledene besig was, het beskuldigde 4 die ander geroep, en beskuldigdes 1 en 3 het Wessie en beskuldigde 2 alleen by die draadheining agtergelaat en na eersgenoemde twee gegaan. Beskuldigde 2

het /

het n houer transmissie-olie by die BMW gaan haal en dit oor Wessie se lyf, veral sy privaat-dele, gegooi. Op hierdie stadium het beskuldigde 4 opgedaag en aan beskuldigde 2 gesê dat die meisie "lekker" is. Kort daarna het die oorledene gegil en uitgeroep dat sy dit nie meer kon verduur nie, waarop beskuldigde 2 na haar gehardloop en beskuldigde 4 alleen by Wessie agtergelaat het. Dié twee het na die BMW gegaan waar beskuldigde 4 vir Wessie in die kattedak probeer indwing het. Wessie het egter daarin geslaag om weg te kom, en alhoewel beskuldigdes 1, 3 en 4 agter hom aangehardloop het, kon hulle hom nie inhaal nie. Hy het die volgende oggend sy uitgebrande BMW aan die polisie uitgeken.

Om terug te keer na die gebeure by punt B.

Beskuldigdes 3 en 4 het in hul getuienis by die verhoor erken dat hulle daar die oorledene verkrag het. Die verhoorhof het bevind dat dit nie bewys is dat beskuldigdes 1 en 2 met die oorledene gemeenskap gehad het nie, maar dat hulle as medepligtiges aan verkragting skuldig is deurdat beide bewustelik aan beskuldigdes 3 en 4 hulp verleen het ten einde die pleging van die misdaad deur laasgenoemde twee te bevorder. (In die geval van beskuldigde 1 is 'n bevinding dié van die meerderheid van die verhoorhof.) Wat die roofo aanklag betref, het beskuldigde 1 erken dat hy by punt B, terwyl die ander met Wessie en die oorledene besig was, die BMW se radio-bandspeler uitgehaal en dit die volgende dag, vergesel van beskuldigde 2, gaan verkoop het. Die verhoorhof het bevind dat al vier

die beskuldigdes deelgeneem het aan die roof van die BMW sowel as die radio-bandspeler, maar dat dit moontlik is dat slegs beskuldigde 2 die geld en ander persoonlike besittings van Wessie geroof het.

Kort nadat Wessie ontvlug het, het die beskuldigdes vanaf punt B vertrek met die Colt vooraan, gevolg deur die BMW. Beskuldigdes 1, 3 en 4 het in die Colt gery en beskuldigde 1 het bestuur. Beskuldigde 2 het die BMW bestuur en die oorledene was lewend agter in die bagasiebak toegesluit. Die verhoorhof het bevind dat dit beskuldigde 2 was wat die oorledene in die bagasiebak ingedwing het en dat beskuldigde 3 daarvan bewus was reeds toe hulle vanaf punt B vertrek het. Wat verder gebeur het voordat hulle by die plek aangekom het waar die BMW

aan die brand gestek is, is nie heeltemal duidelik nie omdat botsende getuienis daaromtrent deur die beskuldigdes gegee is. Die verhoorhof het bevind dat beskuldigdes 1 en 2 twee keer gestop het vir beraadslaging oor hul verdere optrede en dat die vernietiging van die BMW ter sprake was. Die verhoorhof het verder bevind dat beskuldigdes 1 en 4 op hierdie stadium ook geweet het dat die oorledene in die BMW se bagasiebak was en dat dit beskuldigdes 1 en 2 se bedoeling was dat die oorledene nie gespaar sou word by die vernietiging van die BMW nie.

Uiteindelik het die vier beskuldigdes in die twee voertuie aangekom by 'n punt op die grondpad na Swartkoppies, ongeveer 11 km vanaf punt B, waar die BMW, met die nog lewende oorledene in die bagasiebak, van die pad

afgetrek en aan die brand gesteeek is. Soos die verhoorhof, sal ek na hierdie plek as punt C verwys. Dit is vir huidige doeleindes net nodig om op die optrede van beskuldiges 1 en 2 by hierdie toneel te konsentreer.

In sy verklaring aan 'n landdros, wat by die verhoor as getuie ingehandig is, het beskuldigde 1 gesê dat net nadat hy by punt C uit sy voertuig geklim het, hy gille van die oorledene uit die BMW se bagasiebak gehoor het. In sy getuie by die verhoor het hy bygevoeg dat dit duidelik angstige gille was. Sy weergawe van die gebeure by punt C was dat hy sonder sukses vir beskuldigde 2 probeer oorreed het om die oorledene vry te laat en om nie die BMW aan die brand te steek nie. In sy verklaring aan die landdros het beskuldigde 1 gesê dat beskuldigde 2

die Colt se enjinkap oopgemaak en petrol uit 'n pypie gesuig het, dat hy (beskuldigde 1) die pypie teruggedruk en die enjinkap toegemaak het om te vertrek, maar dat voordat hy kon ry, beskuldigde 2 reeds die petrol in sy mond op die BMW se bekleedsel uitgespoeg en die motor aan die brand gestee het. In sy getuienis by die verhoor het beskuldigde 1 gesê dat die verklaring verkeerd is in dié opsig dat hyself die enjinkap oopgemaak het ten einde vas te stel of die induksieklos wat vroeër die aand losgeraak het, nog vas was. Die verhoorhof het beskuldigde 1 se getuienis oor die foutiewe induksieklos as 'n versinsel verwerp en bevind dat beskuldigde 1 die enjinkap oopgemaak het ten einde petrol aan beskuldigde 2 te verskaf. Die verhoorhof het ook beskuldigde 1 se getuienis dat hy

beskuldigde 2 probeer oorreed het om nie die BMW
aan die brand te steek nie, as vals verwerp.

Beskuldigde 2 het in sy verklaring aan n
landdros erken dat hy petrol met n pypie uit die
Colt se enjin gesuig, dit op die BMW gespoeg en die
motor met n vuurhoutjie aan die brand gesteeke het.

In sy getuienis by die verhoor het beskuldigde 2 van
sy verklaring afgewyk en gesê dat beskuldigde 1 ook
petrol gesuig en op die BMW gespoeg het en dat hý
eintlik die een is wat die BMW aan die brand gesteeke
het. Beskuldigde 2 se getuienis is deur die
verhoorhof verwerp wat bevind het dat beskuldigde
1 nie self petrol gesuig het nie. Die

verhoorhof /

verhoorhof se bevinding was dat beskuldigdes 1 en 2 saamgespan het om die BMW met die oorledene en al te verbrand en dat in hul gesamentlike optrede beskuldigde 2 as dader die petrol uitgesuig en die BMW daarmee aan die brand gesteeke het, en dat beskuldigde 1 as medepligtige die petrol verskaf het aan beskuldigde 2. Dit was gemene saak dat die oorledene nog gelewe het toe die BMW aan die brand gesteeke is en dat haar dood veroorsaak is deur vergassing afkomstig van die brandende BMW.

Nadat die BMW aan die brand gesteeke is, het die beskuldigdes haastig die toneel in beskuldigde 1 se motor verlaat. Op 'n brug daar naby het hulle gestop en beskuldigdes 1 en 2 het uitgeklim om te kyk of die BMW brand. Hulle kon niks sien nie. Later die nag het beskuldigdes

1 en 2 in laasgenoemde se motor teruggekeer na die BMW en toe vasgestel dat dit uitgebrand het. Beskuldigdes 1 en 2 het die volgende dag saam na ene Solly Ballin gegaan om die radio-bandspeler te verkoop en het die R30,00 wat Ballin aan hulle geleen het teen die sekuriteit van die radio, tussen hulle verdeel. Later het hulle saam uitgewyk na Durban waar hulle gearresteer is.

Namens beskuldigde 1 is eerstens voor ons betoog dat die staat nie bewys het dat beskuldigde 1 by punt A deelgeneem het aan enige wederregtelike optrede deur die ander nie. Daar is betoog dat beskuldigde 1 deurentyd in sy motor gebly het en onbewus was van wat aangaan en dat hy vanaf punt A op onskuldige wyse en niksvermoedend agter beskuldigde 2 aangery het. Hierdie betoog strook

nie met beskuldigde 1 se eie getuienis nie. Volgens hom het hy feitlik langs die BMW gestop en moes hy alles gesien het wat daar plaasvind. Hy self sê dat hy gesien het dat beskuldigde 2 die speelgoed-rewolwer op Wessie rig en dat beskuldigde 2 daarna met die BMW wegry. Hy erken dat hy by punt A geweet het dat beskuldigde 2 se optrede verkeerd was. Kort vantevore het hy gesien dat beskuldigde 2 vir Mophuting probeer beroof het met dieselfde speelgoed-rewolwer. In die omstandighede is slegs een afleiding geregverdig, naamlik dat beskuldigde 1 goed geweet het dat beskuldigde 2 by punt A besig was om Wessie van sy voertuig te beroof en dat hy hom ten volle daarmee vereenselwig het. Beskuldigde 2 se opmerking toe hulle op pad na punt B gestop het: "Kry ons by die polisiestasie" waarop namens

beskuldigde /

beskuldigde 1 gesteun is, moet gesien word in die lig van die feit dat beskuldigde 2 hom vroeër die aand tot kennis van beskuldigde 1 as 'n polisieman voorgedoen het. Hy het geweet dat beskuldigde 2 nie lid van die polisiemag is nie en dat hy deurentyd die aand besig was met onwet= tige optrede. Hy kon dus nie gedink het dat beskuldigde 2 se opmerking letterlik bedoel was nie.

Dit is verder betoog dat beskuldigde 1 by punt B hom slegs aan diefstal van die radio-bandspeler skuldig gemaak het en dat hy nie deelgeneem het aan enige geweld= pleging of ander wederregtelike optrede nie. Hierdie betoog is gebaseer op die getuienis van beskuldigde 1, wat deur die verhoorhof verwerp is, en hou glad nie rekening met Wessie se getuienis, wat deur die verhoorhof

aanvaar is nie. Volgens Wessie is hy aanvanklik by punt B deur beskuldigde 2 in die gesig geslaan en is sy arms agter sy rug vasgebind terwyl beskuldigde 1 by gestaan het. Daarna is hy na die draadheining gedwing waar daar op hom geskel en hy aangerand is. Benewens die ingedrewe skedelfraktuur waarna ek reeds verwys het, het Wessie talle kneus-, skaaf- en krapwonde oor sy hele liggaam opgedoen. Volgens Wessie se getuienis kan daar geen twyfel bestaan nie dat beskuldigde 1 een van die drie persone is wat hom by die draadheining intimideer en aangerand het. Volgens Wessie het beskuldigde 1 eers die toneel by die draadheining verlaat toe beskuldigde 4 geskreeu het vanuit die rigting waar hy met die oorledene besig was. Volgens beskuldigde 1, daarenteen, was hy

glad nie/

glad nie by die draadheining nie en het hy slegs gesien dat Wessie daarheen geneem en daar aangerand word voordat hy begin het om die radio-bandspeler uit die BMW te verwyder. Die feitebevindings van die verhoorhof toon beskuldigde 1 as 'n volslae leuenaar. Daarteenoor is die verhoorhof se aanvaarding van Wessie se getuienis nie op appèl aangeveg nie. Na my mening is daar uit beskuldigde 1 se optrede by punte A en B, soos deur die verhoorhof bevind, slegs een afleiding geregverdig, en dit is dat hy as dader saam met die ander deelgeneem het aan die roof van Wessie se BMW. Hy is tereg aan roof skuldig bevind.

T o v beskuldigde 1 se skuldigbevinding as medepligtige op die aanklag van verkragting, is betoog dat,

voordat /

voordat die beskuldigdes by punt B aangekom het,
beskuldigde 1 onbewus was van beskuldigdes 2 en 4 se
planne omdat hy nie in dieselfde motor as hulle daarheen
gery het nie. Ek stem met die verhoorhof saam dat die
vier beskuldigdes by die plek waar hulle op pad na punt B
gestop het, waarskynlik met mekaar gepraat het oor wat
hulle, of sommige van hulle, voornemens was om met die
oorledene te doen. Dat die voorneme was om die oorledene
te verkrag, is duidelik. Maar in elk geval was beskul=
digde 4 se optrede by punt B toe hy die oorledene die
bosse ingeneem het terwyl die ander Wessie in 'n teenoor=
gestelde rigting weggevoer het, vatbaar vir geen ander
afleiding as dat hy voornemens was om haar te gaan verkrag
nie. Die betoog dat beskuldigde 1 moontlik onbewus

was /

was van wat beskuldigde 4 beoog het om met die oorledene te doen, is gevolglik sonder meriete. Na my mening het die verhoorhof tereg bevind dat deur sy optrede teenoor Wessie, beskuldigde 1 hom skuldig gemaak het aan medepligtigheid by die verkragting van die oorledene deur beskuldigdes 3 en 4.

Met betrekking tot die moordaanklag is namens beskuldigde 1 betoog dat die verhoorhof verkeerdelik bevind het dat beskuldigde 1, voor hul aankoms by punt C, geweet het dat die oorledene in die bagasiebak van die BMW is. Dit is nie nodig om hieroor uitsluitel te gee nie omdat, soos ek reeds aangetoon het, beskuldigde 1 self gesê het dat hy kort na hul aankoms by punt C daarvan bewus geword het. Sy weergawe was dat hy die

oorledene benoud hoor gil het uit die bagasiebak van die BMW, dat hy tevergeefs vir beskuldigde 2 probeer oorreed het om haar vry te laat en dat hy eers daarna die enjinkap van sy motor oopgemaak het ten einde na die induksieklos te kyk. Gevolglik is daar geen basis vir die betoog dat toe beskuldigde 1 die enjinkap van sy motor oopmaak, hy moontlik nog onbewus was van die oorledene in die katebak nie. Die induksieklos-weergawe is met reg deur die verhoorhof as 'n versinsel verwerp.

Daar is voorts namens beskuldigde 1 betoog dat nie bewys is dat hy die nodige opset gehad het om die oorledene te dood nie, en in hierdie verband is daarop gesteun dat beskuldigde 1 vir beskuldigde 2 probeer oorreed het om die oorledene vry te laat. Beskuldigde 1 se getuienis dat hy voortdurend die ander daarop gewys

het dat hul optrede verkeerd is, en dat hy hulle probeer oorreed het om hul verkeerde optrede te staak, is met reg deur die verhoorhof verwerp. Sy hele gedrag getuig van die teendeel. Dieselfde geld vir sy verklaring dat hy vir beskuldigde 2 probeer oorreed het om die oorledene vry te laat, wat ook heel tereg deur die verhoorhof verwerp is. Uit die feit dat beskuldigde 1 die enjinkap van sy motor oopgemaak en petrol uit die enjin vir beskuldigde 2 laat bekom het om die BMW, met die oorledene daarin, aan die brand te steek, is slegs een afleiding geregverdig nl dat beskuldigde 1 die direkte oogmerk gehad het om die oorledene te dood. Na my mening is beskuldigde 1 tereg aan medepligtigheid by die moord op die oorledene skuldig bevind.

Ek handel vervolgens met die appèlle teen die

vonnisse /

vonnisse. Die beskuldigdes is almal blanke mans. Ten tyde van die gebeure was beskuldigde 1 twintig jaar oud en beskuldigde 2 een-en-twintig jaar oud; beskuldigde 3 het n maand voor die gebeure twintig jaar oud geword en beskuldigde 4 het n maand daarna twintig jaar oud geword. Beskuldigdes 1 en 2 is getroud met jong kinders. Beskuldigde 3 is na die gebeure getroud en beskuldigde 4 is ongetroud. Beskuldigdes 2, 3 en 4 het slegs std 8 op skool behaal en beskuldigde 1 het blykbaar nie veel verder gevorder nie.

Ek handel eers met die appèlle teen die bevindings dat daar in die geval van elk van beskuldigdes 1 en 2 geen versagtende omstandighede by die moord was nie. Dit is welbekend dat dit in die eerste plek die verhoorhof se

taak is om oor die bestaan, al dan nie, van versagtende omstandighede te beslis, en dat hierdie Hof slegs sal ingryp indien die verhoorhof 'n mistasting of ander onreëlmatigheid begaan het, of indien sy bevinding, in die lig van al die getuienis beoordeel, van so 'n aard is dat hy nie redelikerwys daartoe kon gekom het nie. Sien S v Mongesi en Andere 1981(3) SA 204(A) op 207 H - 208 A.

Namens beskuldigde 1 is aangevoer dat die volgende feite of omstandighede afsonderlik of kumulatief versagtende omstandighede daarstel: sy jeugdigheid, die feit dat hy onder die invloed van drank was, die mindere rol wat hy gespeel het by die pleging van die moord, beïnvloeding deur beskuldigde 2 en die feit dat hy slegs as 'n medepligtige skuldig bevind is.

Jeugdigheid as n versagterende omstandigheid by moord is volledig in uitsprake van hierdie Hof bespreek in S v Lehnberg en n Ander 1975(4) SA 553(A) op 560 H - 561 H; S v Van Rooi en Andere 1976(2) SA 580(A) op 584 A - 585 C; S v Mapatsi 1976(4) SA 721(A) op 724 C - D; S v Ceasar 1977(2) SA 348(A) op 353 B - F en S v Ngoma 1984(3) SA 666(A) op 674 E - G. In die Lehnberg-saak het RUMPFH HR jeugdigheid as onvolwassenheid, gebrek aan lewenservaring, onbesonnenheid en vatbaarheid vir beïnvloeding deur ander, veral deur volwassenes, beskryf (op 561 A). Volgens bogenoemde gewysdes word onvolwassenheid ens prima facie by tienderjariges aanvaar sodat die hof huiwerig is om geen versagting te vind nie, tensy die besondere omstandighede van die saak

hom daartoe dwing om die doodstraf op te lê. In die geval van 'n 20-jarige soos beskuldigde 1 word onvolwassenheid ens nie prima facie aanvaar nie (vgl die Lehnberg-saak op 561 H) alhoewel die hof altyd in gedagte hou dat die beskuldigde slegs 20 jaar oud is en daarom meer geredelik oortuig sal wees van onvolwassenheid as in die geval van 'n ouer persoon.

Tydens die verhoor is beide beskuldigdes 1 en 2 vir waarneming en psigiatriese ondersoek na Weskoppies-hospitaal gestuur. Ten opsigte van beskuldigde 1 is 'n eenparige verslag deur twee psigiaters, dr Verster, wat deur die hof aangestel is, en 'n staatspsigiater, dr Olivier, by die verhoorhof ingehandig. Dr Verster het verder namens beskuldigde 1 oor die vraag van versagtende

omstandighede getuig. Volgens hom het beskuldigde 1
n gemiddelde intelligensie en toereikende oordeelsvermoë.
Hoewel nie n introvert nie, is hy geneig om teruggetrokke
te wees. Dr Verster het getuig dat daar n geringe graad
van onvolwassenheid by beskuldigde 1 te bespeur is, wat nie
op sigself verband hou met sy optrede die betrokke aand
nie, maar wat, saam met sy verlaagde inhibisies a g v
drankgebruik vroeër die aand en die feit dat hy in n
groep opgetree het, sy optrede tot n mate kon beïnvloed
het. Wat betref beskuldigde 1 se agtergrond: sy
ouers is geskei voordat hy n jaar oud was en hy is daarna
deur sy moeder, wat weer getroud is, grootgemaak. Op
14-jarige leeftyd is hy na n kosskool gestuur en op
16-jarige leeftyd het hy die skool verlaat. Dit is nie

duidelik hoe ver hy toe gevorder het nie. Nadat hy twee jaar in diens van die Vervoerdienste was, het hy op 18-jarige ouderdom sy twee-jarige militêre diensplig begin doen wat hy in Julie 1984, kort voor sy twintigste verjaardag, voltooi het. Beskuldigde 1 is op 16 Oktober 1982 getroud en het 'n twee-jarige kind. Ten tyde van die gebeure het hy 'n vaste betrekking beklee. Die verhoorhof het bevind dat hy die lewe van 'n volwassene gelei het.

Na my mening is daar nóg in beskuldigde 1 se persoonlike omstandighede en agtergrond, nóg in die psigiatriese getuienis, voldoende aanduiding van so 'n mate van geestelike onvolwassenheid dat beskuldigde 1 se optrede die betrokke aand met minder verwyt bejeën kan word.

Namens beskuldigde 1 is betoog dat hy deur

beskuldigde /

beskuldigde 2 beïnvloed is. In hierdie verband is gesteun op dr Verster se getuienis dat beskuldigde 1 teruggetrokke van geaardheid is, sowel as op sy moeder en vrou se getuienis wat hom as 'n stil persoon beskryf het. Daar is betoog dat beskuldigde 1 nooit so 'n grusame daad sou gepleeg het as hy nie sterk onder die invloed van beskuldigde 2 gehandel het nie. Die verhoorhof het bevind dat daar geen getuienis is dat beskuldigde 1 by die moordtoneel deur beskuldigde 2 oorreëde of beïnvloed is om te handel soos hy gedoen het nie. Beskuldigde 1 het nie so getuig nie en daar is geen aanduiding in die res van die getuienis dat hy deur beskuldigde 2 aangesê is om petrol in die hande te kry nie. My indruk is dat beskuldigde 1 op eie inisiatief en sonder enige aansporing gehandel het, en dat hy inderdaad die voortou geneem het in die uitvoering van die plan om die BMW aan die brand te steek. Hy het geensins 'n mindere rol gespeel, soos namens hom betoog is nie, en heel moontlik sou daar niks van die plan gekom

het /

het as hy nie die petrol voorsien het nie. Hoewel hy as medepligtige skuldig bevind is, kan die rol wat hy gespeel het, na my mening nie met minder verwyf bejeën word as dié van die dader wat die vuurhoutjie getrek het nie.

Daar is voorts namens beskuldigde 1 betoog dat hy onder invloed van drank gehandel het. Die verhoorhof het bevind dat, hoewel die getuienis in hierdie verband oordrewe was, dit aanvaar moet word dat beide beskuldigdes 1 en 2 die betrokke middag en voor 11 uur die aand heelwat gedrink het. Die verhoorhof het egter bevind dat die drank geen, of geen betekenisvolle, rol gespeel het in beskuldigdes 1 en 2 se optrede by die moordtoneel nie, waar beide planmatig en met vaardigheid gehandel het.

Dit is nie namens beskuldigde 1 betoog dat die verhoorhof in enige opsig misgetas of 'n onreëlmatigheid begaan het nie, en die vraag is gevolglik of die verhoorhof se beslissing een is waartoe nie redelikerwys gekom kon gewees het nie. Indien daar op gelet word dat dit 'n berekende, koelbloedige daad was wat beskuldigde 1 met bedrewenheid uitgevoer het en wat hy in fyn besonderhede daarna kon beskryf, kan nie gesê word dat die verhoorhof se bevinding onredelik is in die sin hierbo genoem nie.

Daar is ten slotte namens beskuldigde 1 daarop gesteun dat hy in groepsverband opgetree het. Wat die posisie ookal was voor die beskuldigdes se vertrek vanaf punt B, was daar, na my mening, geen sprake van groeps-optrede daarna nie. Die verhoorhof het bevind dat

beskuldigdes 3 en 4 geen deel geneem het aan die moord
nie en hierdie bevinding is nie op appèl betwis nie.
Ek is gevolglik van mening dat daar nie ingemeng kan
word met die verhoorhof se bevinding dat daar in die
geval van beskuldigde 1 geen versagtende omstandighede
bestaan nie.

Namens beskuldigde 2 is op die kumulatiewe
effek van die volgende feite en omstandighede gesteun
vir die betoog dat versagtende omstandighede in sy geval
bestaan: sy antisosiale persoonlikheidsversteuring
(psigopatie), die invloed van die drank, sy jeugdigheid en
die feit dat hy in groepsverband opgetree het.

Volgens die eenparige verslag van dr Verster en
prof Plomp, n staatspsigiater verbonde aan Weskoppies-

hospitaal, het beskuldigde 2 ten tyde van die misdaad nie aan enige geestesongesteldheid of-gebrek gely wat hom dermate aangetas het dat hy nie die ongeoorlooftheid van sy daede kon beseef nie of nie volgens daardie beseef kon handel nie. Hy het dus geweet wat hy doen en kon homself beheer. Daar is bevind dat beskuldigde 2 n antisosiale persoonlikheidsversteuring het wat in ouer terminologie as psigopatie beskryf is. Prof Plomp, wat namens beskuldigde 2 getuig het, het hom beskryf as n psigopaat in n erge graad. Prof Plomp het breedvoerig met die hele lewensgeskiedenis van beskuldigde 2 gehandel en gesê dat sy handelwyse tipies van n psigopaat is, o a sy onverantwoordelike en abnormaal aggressiewe gedrag en sy onbestendige werk-rekord.

In die lig van prof Plomp se getuienis het die verhoorhof bevind dat beskuldigde 2 se antisosiale persoonlikheidsversteuring nie as 'n versagende omstandigheid beskou kan word nie. Die verhoorhof het bevind dat daar geen verband was tussen beskuldigde 2 se psigopatiese toestand en die moord nie, omdat dit 'n voorbedagte moord ter wille van die beskuldigdes se selfbehoud was, en nie 'n daad wat gepleeg is omdat beskuldigde 2 weens sy psigopatie nie sy wil of drange kon beheer nie. Dit is namens beskuldigde 2 betoog dat die verhoorhof se bevinding nie geregverdig is uit prof Plomp se getuienis as 'n geheel gelees nie en dat sy getuienis inderdaad daarop dui dat beskuldigde 2 se psigopatiese toestand wel verband hou met die moord. Die gedeeltes uit prof Plomp se getuienis

waarop/

waarop in hierdie verband gesteun is, handel almal met die gevolge van psigopatie in die algemeen, soos n gebrek aan beheer en handel nie pertinent met beskuldigde 2 se optrede ná die vertrek vanaf punt B nie. Die moord is te onderskei van die voorafgaande gebeure van die betrokke aand deurdat dit nie op impulsiewe of onbeheersde wyse gepleeg is nie, maar met oorleg en beplanning ten einde die spore van die vorige misdade van die aand uit te wis. Na my mening bevat die uitspraak van die verhoorhof n korrekte weergawe van prof Plomp se getuienis in hierdie verband, en kan die bevinding t o v beskuldigde 2 se psigopatiëse toestand as moontlike versagting nie aangeveg word nie.

Daar is vervolgens namens beskuldigde 2 op

beïnvloeding/.....

beïnvloeding deur drank as n versagtende omstandigheid gesteun. Soos in die geval van beskuldigde 1, het die verhoorhof bevind dat beskuldigde 2 se drankgebruik vroeër die betrokke aand geen, of geen betekenisvolle invloed op sy gedrag by die pleging van die moord gehad het nie. Prof Plomp het nie te kenne gegee dat n psigopaat anders geraak word deur alkohol as ander mense nie. Soos in die geval van beskuldigde 1, is daar in beskuldigde 2 se berekende, bedrewe optrede vanaf die stadium toe die beskuldigdes punt B verlaat het, geen teken van beïnvloeding deur drank te bespeur nie. Na my mening het die verhoorhof tereg bevind dat die drank wat beskuldigde 2 vroeër die aand gedrink het, nie as versagting beskou kan word nie.

Daar is vervolgens namens beskuldigde 2 op dr Verster en prof Plomp se getuienis gesteun dat beskuldigde 2 as 'n psigopaat tot 'n mate emosioneel onvolwasse is. Beskuldigde 2 was 21 jaar oud ten tyde van die voorval, hy was getroud en het twee kinders gehad. Hy het die skool in 1980 verlaat en het drie betrekkinge beklee voordat hy in Julie 1983 met sy militêre diensplig begin het. Die verhoorhof het bevind dat beskuldigde 2 reeds lank voor die voorval die lewe van 'n volwassene gelei het. Die betrokke aand het hy ten minste gedurende die voorval met Mophuting en by punte A en B die leiding geneem in die onwettige optrede van die vier beskuldigdes. Na my mening het die verhoorhof tereg bevind dat emosionele onvolwassenheid geen rol gespeel het in

beskuldigde /.....

beskuldigde 2 se optrede die betrokke aand nie.

Daar is voorts namens beskuldigde 2 ter versagting betoog dat hy in n groep-situasie opgetree het. Ek het reeds daarop gewys dat daar geen sprake van groeps-optrede by die moord was nie. Na my mening kan die feite en omstandighede waarop namens beskuldigde 2 gesteun is, nóg afsonderlik, nóg kumulatief, as versagtende omstandighede beskou word.

Namens beskuldigdes 1 en 2 is ten slotte gesteun op wat die Verhoorregter gesê het by vonnisoplegging op die roofaanklag. Daar is betoog dat, wat dáár t o v strafversagting gesê is, noodwendig beteken dat versagtende omstandighede op die moordaanklag gevind moes gewees het. Ek verwys later volledig na wat die Verhoorregter gesê het. Vir huidige doeleindes is dit voldoende om te sê dat ek nie met die betoog saamstem nie. Die omstandighede wat dáár genoem word, is almal volledig in ag geneem by die oorweging

van die vraag of versagtende omstandighede by die moord
aanwesig was en die verhoorhof het bevind dat dit nie as
versagtende omstandighede by die moord beskou kan word nie.
Ek stem met hierdie bevinding van die verhoorhof saam. Ek
wys verder daarop dat die roof by punt B gepleeg is, waar
die omstandighede verskil het van dié by punt C waar die
moord heelwat later die aand gepleeg is.

Ek handel vervolgens met beskuldigdes 1 en 2
se appèlle teen die doodvonnis wat hul opgelê is op die
aanklag van verkragting. Die rede waarom beskuldigdes 3
en 4 as daders gevangenisstraf gekry het, terwyl
beskuldigdes 1 en 2 as medepligtiges die doodvonnis
opgelê is, is volgens die verhoorhof se uitspraak te
vind in die verdere geweld wat laasgenoemde twee beskul=
digdes teen die oorledene gepleeg het nadat sy verkrag

is, /

is, wat die verhoorhof as n "verlengstuk van hulle rolle as medepligtiges aan verkragting" beskryf het.

Met inagneming van wat in S v Witbooi 1982(1) SA 30(A)

op 35 E - F en S v Mooi 1985(1) SA 625(A) op 630 G

t o v duplisering van vonnisse gesê is, het die verhoor-

hof gevolglik ter verswaring van beskuldigdes 1 en 2 se

vonnisse weens verkragting, in aanmerking geneem dat hulle

die motor met die oorledene nog lewend daarin aan die brand

gesteek het, hoewel die verhoorhof die oorledene se dood

buite rekening gelaat het. Na my mening het die ver-

hoorhof homself wanvoorgelig deur te bevind dat die gebeure

by die moordtoneel (met weglating van die oorledene se

dood) deel vorm van die verkragting en derhalwe in

aanmerking geneem kan word by vonnisoplegging vir die

verkragting. Die verhoorhof het vroeër in sy uitspraak bevind dat dit nie duidelik is met watter doel die oorledene in die bagasiebak van die BMW gelaai is nie. Wat wel duidelik is, is dat die verkragting toe reeds beeindig was en dat beskuldigdes 1 en 2 se gewelddadige optrede teen die oorledene toe nie meer gemik was op die pleging van die misdaad van verkragting nie maar op die misdaad van moord. Of sodanige optrede nog enige ander verband gehad het met die verkragting is onseker. Gevolglik was die Verhoorregter nie geregtig om dit in aanmerking te neem by die vonnisoplegging vir verkragting nie. Beskuldigdes 1 en 2 se vonnisse weens verkragting moet gevolglik tersyde gestel word en daar moet opnuut vonnisse opgelê word. Wat die gebeure /

gebeure by punt B betref, het die Verhoorregter vir vonnis-doeleindes geen onderskeid getref tussen die aandeel van die onderskeie beskuldigdes aan die verkragting nie. Gevolglik is die doodvonnis vir die medepligtiges onvanpas in die lig daarvan dat gevangenisstraf vir die daders opgelê is. Wat 'n gepaste vonnis is, word aan die einde van die uitspraak genoem.

Dit bring my ten slotte by beskuldigdes 1, 3 en 4 se appèlle teen hul vonnisse op die roofo aanklag en beskuldigdes 3 en 4 se appèlle teen hul vonnisse op die aanklag van verkragting. Wat betref die gebeure by punt B, het die Verhoorregter in sy uitspraak by vonnisoplegging ter strafversagting in ag geneem dat die beskuldigdes die betrokke aand toevallig in mekaar se

geselskap beland het en dat daar nie vooraf saamgesweer is om die misdade te pleeg nie, maar dat dit spontaan en impulsief geskied het. By punt B het die beskuldigdes opgetree in 'n groepsituasie waarby beskuldigde 2 die leidende rol gespeel het. Die Verhoorregter het verder bevind dat elke beskuldigde vroeër die aand heelwat gedrink het, wat sy optrede by punt B tot 'n mate beïnvloed het. Die Verhoorregter het ook die swak huislike agtergrond van elke beskuldigde in ag geneem. Beskuldigdes 1 en 4 het geen vorige veroordelings nie en beskuldigdes 2 en 3 het elk een vorige veroordeling vir diefstal. Ek het reeds voorheen besonderhede van die beskuldigdes se ouderdomme, huwelikstatus en skoolopleiding verstrek.

Dit is bekende reg dat hierdie Hof nie ligtelik

met /

met die uitoefening van 'n Verhoorregter se diskresie
 t o v vonnis inmeng nie. Slegs wanneer die Verhoor=
 regter misgetas of homself waningelig het, of 'n
 onreëlmatigheid begaan het of waar die vonnis buitensporig
 is (of soos dit soms gestel word, treffend onvanpas is),
 is inmenging geregverdig. Sien S v Lekaota 1978(4)
 SA 684(A) op 689 A - B en S v M 1982(1) SA 589(A) op
 592 G.

Namens beskuldigde 1 is betoog dat, wat die
 roofoanklag betref, hy 'n mindere rol gespeel het as
 beskuldigde 2, en dat hy 'n ligter vonnis as beskuldigde
 2 moes gekry het. Ek het reeds met beskuldigde 1 se
 deelname aan die roof gehandel. Hoewel hy moontlik 'n
 mindere rol as beskuldigde 2 gespeel het, het hy nogtans

ten volle meegedoen met alles wat plaasgevind het:
hy het een van die twee voertuie bestuur, hy het die
radio-bandspeler uit die BMW geneem, hy het vir Wessie
intimideer en aangerand by die draadheiding en hy het
vir Wessie probeer vang toe laasgenoemde ontsnap het.
Na my mening het die Verhoorregter nie sy diskresie
verkeerd uitgeoefen toe hy beskuldigdes 1 en 2 oor
dieselfde kam geskeer het by vonnisoplegging op die
roofaanklag nie.

Namens beskuldigde 3 is betoog dat die Verhoor=
regter misgetas het deurdat hy die gebeure by punt C
in aanmerking geneem het by vonnisoplegging vir
verkragting en roof. Dit is duidelik uit die

uitspraak /

uitspraak van die Verhoorregter dat hy dit nie in
aanmerking geneem het by die vonnisse van beskuldigdes
3 en 4 vir verkragting nie. Die Verhoorregter het
juis n onderskeid getref tussen beskuldigdes 3 en 4 aan
die een kant, en beskuldigdes 1 en 2 aan die ander kant,
en aan laasgenoemde twee beskuldigdes die doodvonnis
vir verkragting opgelê, met inagneming van die verdere
lotgevalle van die oorledene. Ek het reeds daarop gewys
dat die Verhoorregter in hierdie opsig fouteer het wat
beskuldigdes 1 en 2 betref. Ten opsigte van die roof
kan beskuldigdes 3 en 4 nie verwyd word vir die ver=
nietiging van die BMW by punt C nie. Aan die ander
kant, egter, was hulle optrede teenoor Wessie by punt B
roekeloos en onverskillig of hy sy voertuig weer sou

terug kry. Na my mening het die Verhoorregter nie misgetas in die opsigte namens beskuldigde 3 betoog nie.

Namens beskuldigde 3 is betoog dat die Verhoorregter te min gewig geheg het aan beskuldigde 3 se onvolwassenheid, beïnvloeding deur die ander, die feit dat hy deur drank aangetas was en sy ander persoonlike omstandighede. Wesenlik dieselfde argument is namens beskuldigde 4 geopper. Daar is min aanduiding van onvolwassenheid, beïnvloeding deur ander of beïnvloeding deur drank in beskuldigde 3 en 4 se optrede by punt B. Beide het 'n groot rol gespeel in, en heelhartig meegedoen aan die pleging van die roof en die verkragting. Beskuldigde 3 het op eie inisiatief vir Wessie die mees ernstige van al sy beserings toegedien en beskuldigde 4

het die voortou geneem in die verkragting van die
 oorledene en het daarna, ook op eie inisiatief, vir
 Wessie in die kattedak van die BMW probeer indwing.

Beide beskuldigdes 3 en 4 het probeer verhoed dat
 Wessie ontvlug. Die misdade is, vanweë die omstandighede
 waaronder dit gepleeg is, van besonder ernstige aard.

Wanneer na al die feite van die saak gekyk word, kan na
 my mening nie gesê word dat die Verhoorregter te min
 gewig geheg het aan die faktore en omstandighede waarop
 namens beskuldigdes 3 en 4 gesteun is nie.

Die uitslag van die appèl is soos volg:

- (1) Beskuldigdes 1 en 2 se appèlle teen die dood=
 vonnis ten opsigte van die verkragting waaraan
 hulle skuldig bevind is, slaag. Insteede

daarvan /

daarvan word 'n vonnis van 16 jaar gevangenis=
straf vir elk van beskuldigdes 1 en 2 opgelê,
en dit word gelas (soos in die geval van
beskuldigdes 3 en 4) dat 10 jaar van elkeen
se vonnis weens roof saamloop met sy vonnis
weens verkragting.

- (2) Al die ander appèlle, insluitende beskuldigdes
1 en 2 se appèlle teen die doodvonnis op die
aanklag van moord, word afgewys.

W. VIVIER AR.

VILJOEN AR)

Stem saam.

GROSSKOPF AR)